# GEMEENTEBULLETIN

## SONDAG 21 AUGUSTUS 2022

Amos 5:18-24

Tema: Om onverwags deur God verander te word

**Oggenddiens** om 09:00 in die kerk en aanlyn | Ds. Breytenbach (3)

**Familiediens** om 09:00 in die kleinsaal en aanlyn | Ds. Potgieter (8)

**Meditatiewe diens** om 09:00 in die kapel | Ds. Philipp Dietmann

**Relevantdiens** om 18:00 in die kerk en aanlyn | Ds. Schoombie

## GESPREKKE OOR AKTUELE KWESSIES

Ons kwartaalfokus is: Om 'n verskil te maak. Om hierby aan te sluit voer ons die volgende drie weke gesprekke met kundiges oor aktuele kwessies. Ons dink na oor hoe die Here van ons verwag om binne die konteks van ons beroepe en gemeenskappe met 'n verskil te leef. Die eerste twee gesprekke in die reeks is:

**Maandag 22 Augustus 2022 19:00 in die kerk**
**Die uitdagings wat voedselsekerheid aan ons stel**
Spreker: Christo van der Rheede, Uitvoerende Direkteur van Agri SA

Daar sal geleentheid wees om vrae aan die spreker te stel. Dr. Dirk Brand tree as gespreksleier op. Toegang is gratis.

**Maandag 29 Augustus 2022 19:00 in die kerk**

**Diversiteit in ons skole**
Spreker: Dr. Heinie Brand, oudskoolhoof van Laerskool Eversdal

Toegang is gratis.

## OPNEEM VAN KOLLEKTE

Die opneem van bankkollekte tydens eredienste word hervat. Oorweeg asseblief biddend jou bydrae tot die Here se werk. Jy kan ook die SnapScan-toepassing gebruik hiervoor gebruik.

Verwysing KOLLEKTE


**KONTAK ONS**

021 976 4519

WhatsApp 081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za


**GEBEDSVERSOEKE**

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

**ASEMSKEP-GEBEDSGROEP**

Elke Dinsdagaand om 18:30 in die kapel. Enige iemand is welkom, sluit gerus by ons aan.

**DEUROFFERS**

**Instituut vir dowes**

Die intstituut bedien gehoorgestremdes en begelei hulle om op alle vlakke van die samelewing in te skakel en so normaal moontlik te funksioneer.

## FEESMARK 2022

Ons benodig 'n gekwalifiseerde gesondheids- en veiligheidsbeampte om teen vergoeding hul diens by die feesmark aan te bied. Kontak asb. so gou moontlik vir Karen Visagie by feesmark@stellenberg.co.za/ 079 269 3663.

## TAFELGESPREKKE VIR FAMILIES

Die weeklikse tafelgesprekke is op www.stellenberg.co.za beskikbaar, of sluit by die WhatsApp-groep aan om die weeklikse vrae op jou selfoon te ontvang, sien bladsy 4 van die bulletin.

## GEESTELIKE DAGSTUKKE

'n Kort geestelike boodskap word vir elke dag van die week, dwarsdeur die jaar deur die leraarspan beskikbaar gestel. Jy kan na die stem-boodskap op Youtube of die gemeente se webwerf luister, of dit daagliks op jou selfoon ontvang indien jy by die WhatsApp-groep aansluit. Die geskrewe teks is ook op die webwerf beskikbaar.

## WOLSKENKINGS

Die gemeente se breigroep benodig wol vir die brei van serpe, musse en komberse. Die artikels word tydens jeuguitreike onder minder-bevoorregtes versprei. Bydraes kan by die kerkkantoor afgegee word.

## EDELWEISS VERKOOP PANNEKOEK

Op Vrydag 26 Augustus is Edelweiss se laaste winterpanne-koekverkoping. Gerolde pannekoeke teen R7 elk. Oop pannekoeke met waspapier tussenin, 10 vir R70. Bestel voor 24 Aug. by edelweissontvangs@gmail.com of by Hannie de Kock 083 630 0545. Pannekoeke kan vanaf 11:00 op 26 Augustus by Edelweiss afgehaal word.

### KLEUTERKERK

09:00 in die grootsaal

### ANNIBRAND JUNIOR

Na die oggenddienste tot 10:45

Graad 1-3: kleinsaal

Graad 4-6: grootsaal

Graad 7: jeuglokaal

### ANNIBRAND SENIOR

Seniors woon die Relevantdiens om 18:00 in die kerk by en verdeel na die diens in kleingroepe.

### EDELWEISS

Pensioenarisse word uitgenooi om teen R70 per jaar as buitelede van die sentrum aan te sluit, om so van Edelweiss se verskeidenheid dienste gebruik te maak.

Navrae: Mev. Louw

edel-weissontvangs@gmail.com of 021 9761150

## STOOR ONS WHATSAPP-NOMMER ASB.

Stoor asseblief die gemeente se WhatsApp-nommer (081 045 2428) op jou foon. Raak deel van die gemeente se *broadcast*-lys sodat jy nuusbrokkies via WhatsApp kan ontvang. Dit is nie 'n WhatsApp-groep nie, wat beteken jou selfoonnommer, asook die ander lede op die lys se selfoonnommers is nie sigbaar nie. Stuur jou naam en van per WhatsApp om boodskappe deur die verspreidingslys te ontvang.

## VATVYF-BYEENKOMSTE

- Op 24 Augustus om 10:00 besoek ds. Johan Visser die VatVyf-groep in die ou kafeteria. Kom ontmoet een van ons nuwe leraars en luister hoe mooi sing hy. Eetgoed, koffie en tee sal bedien word. Geen besprekings nodig nie.
- Op 5 September besoek ons die Franschhoek-motorskou. Om toegang tot die motorskou te verkry, is dit noodsaaklik dat jy jou plek voor 2 September by Anneke (021 976 4519, kerkkantoor) bespreek. Koste: R60 per persoon. Daar is 'n koffiewinkel waar versnaperinge gekoop kan word. Die bussie vertrek 09:30.
- Op 6 September om 10:00 bied prof. Niehaus 'n praatjie oor Alzheimersiekte in die kleinsaal aan. Toegang is gratis. Bespreek jou plek asb. voor 2 September by Anneke (021 976 4519).

## TEESKINKERS OP SONDAE

Ons benodig dringend helpers wat soms op Sondagoggende by die teetuin behulpsaam kan wees. Jy hoef slegs seker te maak dat die teekanne, melkbekers en suikerpotte gereeld gevul word. Geen opwas van koppies nie. Kontak asb. vir Anneke by 021 976 4159/ anneke@stellenberg.co.za indien jy kan help.

## NUWE LIDMATE

Indien jy nuut by die gemeente ingeskakel het, meld asseblief na die erediens by een van die leraars aan, of kontak die kerkkantoor by 021 976 4519 / odette@stellenberg.co.za. Ons wil jou baie graag persoonlik in die gemeente verwelkom.

### KONTAK ONS

021 976 4519

**WHATSAPP**

081 045 2428

**E-POS**

navrae@stellenberg.co.za

**WEBWERF**

www.stellenberg.co.za

### STELLENBERG TERAPIESENTRUM

Die sentrum bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Spraak- en arbeidsterapeute asook 'n besigheids- en lewensafrigter se dienste word aangebied. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 4519 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na sos@stellenberg.co.za.

Na-ure skakel 083 519 0602.

## SLUIT BY ONS WHATSAPP-GROEPE AAN

Skandeer enige van die QR-kodes hier onder om by die WhatsApp-groep van jou keuse aan te sluit.

**Bulletin en aanlyn oggenddiens**

**Daaglikse dagstukke**

**Nuusbrokkies vir jongvolwassenes**

## TAFELGESPREKKE OP WHATSAPP

Indien jy die weeklikse tafelgesprekke op jou selfoon wil ontvang, skandeer gerus die QR-kode (regs) en sluit by die groep aan. Jy sal dan Vrydagoggende (tydens skoolkwartale) die tafelgesprekke per WhatsApp op jou selfoon ontvang.

## ONTVANG JY ONS KORRESPONDENSIE?

Indien jy nie enige korrespondensie van die gemeente ontvang nie, kontak asseblief vir Odette by odette@stellenberg.co.za. Ons wil baie graag op gereelde basis met al ons lidmate kommunikeer.

## FINANSIËLE BYDRAES

### EFT-betaling

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

### Kontantbydraes

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

### SnapScan

### EDELWEISS HUISDIENS

Sondag 28 Augustus om 18:00 in sitkamer.

### BREIGROEP

Ontmoet weer op Maandag 12 September om 09:30 in die mark-plein.

### VROUEBYBELSTUDIE

Die Bybelstudiegroep vir vroue kom elke Maandag om 10:00 (slegs tydens skoolkwartale) in die ou kafeteria-area byeen. Hulle begin op 22 Aug. met 'n nuwe reeks oor vroue uit die Bybel. 'n Biduurbyeenkoms om 09:15 in die gebedskamer langs die kapel word voor die Bybelstudie aange-bied.